

Kommer oor AFRIKAANS Oordrewe... of nie?

Is dit nou regtig die begin van die einde vir Afrikaans?
Dié vraag het verskeie, meestal ooremosionele antwoorde.

Amelia Burger het met 'n paar kenners gesels.

Suid-Afrika is vol swartgaliges wat glo als is aan't ondergaan – Afrikaans inkluis.

Daar's ook heelwat optimiste wat sê nee wat, die taal was nog nooit so lewend nie. Afrikaans dans dan energiek en kreatief op verhoë, in boekwinkels en fliëks, op TV, radio en die internet.

Ons kook, sing, skryf, lees en hou (veral) fees in Afrikaans. Laat ons dus nie kleinlik wees en oor Afrikaans aan universiteite, skole en dies meer baklei nie.

Sulke optimisme is prysenswaardig, maar ook 'n bietjie naïef. "Ja, dit gaan goed met Afrikaans op kultuurgebied, maar daar is faktore wat dinge vertroebel," sê prof. Anne-Marie Beukes van die departement linguïstiek aan die Universiteit van Johannesburg.

"Ek dink byvoorbeeld aan Afrikaans in die openbare domein, waar dit minder as 'n spiltaal (*lingua franca*) gebruik word; die onderwys, waar Afrikaans kwyn; en die godsdienstomein, waar Afrikaanse mense toenemend die tradisionele kerke verlaat waar Afrikaans die verstektaal is of was."

Dis een van die redes wat 'n taal veld laat verloor – wanneer dit uit sekere domeine geskuif word en daardie funksies verloor.

'n Ander rede is wanneer verskillende generasies se sprekers al minder word en die taal al hoe minder suksesvol na volgende generasies oorgedra word.

'Ernstig bedreig'

Daar is om en by 7 000 "herkende" tale in die wêreld, aldus die geloofwaardige *Ethnologue (Languages of the world)* se 21ste uitgawe in Februarie vanjaar.

Sowat 'n derde daarvan word "ernstig bedreig" en het minder as 1 000 sprekers oor. Altesame 22% van alle tale word as "in gevaar" geklassifiseer, wat beteken ouers kan dit nog praat en die taal kan dus nog oorleef. Maar 13% van alle tale is "sterwend", wat beteken dit kan nie meer suksesvol aan kinders oorgedra word nie.

Nog nooit het so baie tale so vinnig uitgesterf nie – drie tot vier per jaar, en dié syfer tel spoed op.

Suid-Afrika het by die 30 lewende tale ("immigrantetale"

Dit laat 'n taal sterf

Die oorsake van die bedreiging van 'n taal sorteer onder die volgende kategorieë of 'n kombinasie daarvan (Vanishing Voices, Nettle & Romaine)



MORNÉ SCHAAP, GRAFIKA24

7

Soveel miljoen mense uit sowat 56 miljoen in Suid-Afrika is Afrikaanssprekend.

13

Soveel persent van alle tale is "sterwend".

7 000

Dis hoeveel "herkende" tale bestaan in die wêreld.

soos Shona, Mandaryns en Duits uitgesluit), waarvan 11 amptelike status geniet en redelik goed gehandhaaf word.

Knap oor die 7 miljoen mense (uit sowat 56 miljoen) in Suid-Afrika is Afrikaanssprekend, met sowat 10 miljoen wêreldwyd wat dit as tweede taal praat.

Uit 'n wêreldperspektief is dit glad nie sleg nie, want slegs 93 tale (1,3%) in die wêreld het meer as 10 miljoen sprekers.

Taalregte

Afrikaans lyk dus relatief lewenskragtig en die taal is ondanks die taalverskuiwing wat wel in veral sekere stedelike gebiede plaasvind, nie noodwendig op moederverloor se vlakte nie.

"Ek is versigtig om aan te voer dat die verlies van sekere funksies noodwendig die einde van 'n taal op langer termyn beteken. Ek vermoed dat samelewings in 'n globaliserende wêreld moont-

lik ander funksievereistes aan tale gaan begin stel," sê Beukes.

Sy wil dus nie die doodsklok vir Afrikaans begin lui nie en glo die taalgemeenskap gaan meer dinamies word soos wat nuwe eise gestel word.

"My hart is egter seer oor die verlies van Afrikaans as universiteitstaal. Ek wil mense aanmoedig om pogings om 'n vaste plek vir Afrikaans aan universiteite te verseker met raad en

daad en met rand en sent te ondersteun."

"Sommige taalorganisasies fokus op taalregte en probeer om kwessies soos Afrikaans as universiteitstaal deur die howe te bestendig.

"Dis 'n aanslag wat noodwendig konflik verdiep, maar, soos in die geval van Gelyke Kanse se saak teen die Universiteit Stellenbosch, ook tot belangrike uitsprake kan lei," sê dr. Conrad Steenkamp, uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taalraad (ATR).

Waardevolle hulpbron

Organisasies soos die ATR, die ATKV en ander fokus weer meer op die bemarking van Afrikaans as 'n waardevolle hulpbron.

Steenkamp sê baie werk is nodig om die ekonomiese en kulturele waarde van taal by ouers, studente en kinders tuis te bring.

"Dit vind plaas deur seminare, werksessies en taalvoorligting aan ouers en ander rolspelers soos skoolhoofde, onderwysers, leraars en sielkundiges. Sonder hierdie insigte stuur ouers nie hul kinders na Afrikaanse skole nie en maak jong mense nie aanspraak op Afrikaans as onderrigtaal nie."

Hy is daarvan oortuig dat die samewerking tussen taal- en kultuurorganisasies reeds 'n beduidende verskil gemaak het.

"Samehorigheid tussen Afrikaanssprekendes het verbeter en mense wat voorheen afsydig teenoor die taal gestaan het, maak toenemend aanspraak op mede-eienaarskap daarvan.

Mense se gedeelde belang in die behoud van moedertaalonderwys, veral op skoolvlak, is dalk die sterkste samebindende faktor.

"Die boodskap dat Afrikaans ook die taal van bevryding is en aan almal behoort wat dit praat, is besig om deur te dring."

Taalgeskiedenis

Prof. Hein Willemsse, tot onlangs hoof van die departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria en die eerste bekleër van die Leerstoel Zuid-Afrika aan die Universiteit van Gent in België, sê in 'n onlangse onderhoud dat Afrikaanssprekendes opnuut na hul literêre geskiedskrywing en taalgeskiedenis moet kyk.

Grade van 'n taal se lewenskragtigheid

Die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie (Unesco) se raamwerk om te bepaal in watter mate 'n taal bedreig word, fokus op hoeveel mense en deur hoeveel generasies 'n taal gebruik word. Dit word allerweë as die "goue riglyn" beskou.

- Veilig** Die taal word deur alle generasies gepraat en onverstoord tussen generasies oorgedra.
- Kwesbaar** Die meeste kinders praat die taal, maar dit kan beperk wees tot sekere domeine, soos die huis.
- Beslis bedreig** Kinders leer nie meer die taal as 'n moedertaal tuis nie.
- Ernstig bedreig** Die taal word deur die grootouers en ouer generasies gepraat terwyl ouers dit nog verstaan, maar dit nie meer met hul kinders of met mekaar praat nie.
- Kritiek bedreig** Die jongste sprekers is grootouers en ouer en praat die taal gedeeltelik en ongereeld.
- Uitgestorf** Daar is nie meer sprekers oor nie.



Ons moet die swartgalligheid oor Afrikaans wat knorpotte en bitterbekke versprei... doodpraat met realistiese, geldige en konstruktiewe gesprekke.

— PROF. ANNE-MARIE BEUKES VAN DIE UJ

“Die toeëiening van Afrikaans deur generasies Afrikanernasionaliste en apartheid het oneindige skade aangerig. Ons moet 'n nuwe verbintenis met mede-Suid-Afrikaners beding – een wat duidelik sê: Daar is 'n ander geskiedenis.

“Dit is 'n geskiedenis wat verbind kan word met teenkolonia-

lisasie, met bemagtiging, met anti-apartheidsaktivisme, met inklusiwiteit, met die opbou van menswaardigheid vir alle Suid-Afrikaners,” sê Willemsen.

“Ons moet aanhou om samehorigheid tussen Afrikaanssprekendes te verbeter en die verrykende variëteite van die taal te vier,” sê Steenkamp.

“Diegene wat vir ander probeer voorskryf hoe om te praat, dryf wigte tussen mense in en ondermyn die taal. Samewerking met die sprekers van die ander inheemse tale is ewe belangrik.

“Afrikaans kan nie in isolasie bevorder word nie en ons het mekaar nodig.”

Beukes stem saam: “Ons het voortgesette bewussynsprojekte oor en in Afrikaans nodig.

“Ons moet die swartgalligheid oor Afrikaans wat knorpotte en bitterbekke versprei, en waaraan die Afrikaanse media gans te veel blootstelling gee, doodpraat met realistiese, geldige en konstruktiewe gesprekke. En dit kos helaas geld, tyd en toewyding.”

■ **Burger is 'n kommunikasie-spesialis.**

Waar genoeg oorvloed is...

Sarie Marais-Nell beland op 'n Saterdag in die middel van die maand in die middel van die Sandveld in 'n skuur waar alles omskep is vir 'n plaasbasaar.

Want kleurryke basaar- en sneeupoeding, die pannekoek- en kaneelgeur, gemerbier, koeksisters en mosbolletjie-beskuit is nie om dowe neut hier nie. Dis gebak en voorberei om hul plaaswyk se dankbaarheid te kom demonstreer. Vanjaar se reënsyfers lyk immers hektare beter as laasjaar s'n. En elke hart voel lus om dankie te sê.

Teen halfelf raak almal ernstig – Dominee moet eers die byeenkoms open voordat mense verder lag, staaltjies vertel en poedingresepte inderhaas op los papiertjies uit die handsak neerskryf. Intussen roep en verlei die braaivleisgeur.

Vandag kan ons poeding vir ontbyt eet, dit met gemerbier of koffie afsluk en heelwat later in die ry gaan staan vir braaitjops en wors, aartappelslaai en 'n gestolde wortel- en pynappelslaai wat meer na poeding as slaai proe.

Met verstomming sien ons die geldblikke kan in hierdie skuur-cum-basaarvenue sommer oop en bloot bly staan terwyl die vleistannie gou-gou iets wil koop.

Omdat vanjaar se basaar minder besoekers as laasjaar trek, raak die bakkers en hardwerkendes self weer die grootste kopers. Sô raak die aangekoopte items agter die tafels amper indrukwekkender opgestapel as die tafels self!

Ongemerkt val verskeie geselsies op ons ore: Iemand se buurvrou vertrek binnekort weer op 'n Sinfonia-

vakansie; iemand het geld gewen by die naaste casino; 'n tante gaan haar keurig gebreide katprentjiekomers inskryf vir die komende skou.

Dit voel heelyd of ek *Cheers*-oomblikke binne die klammerige Sandveld beleef. Want elkeen ken mekaar se naam, humor en vreugdes – en soms ook mekaar se wanhoop. Everybody knows (more than) your name.

'n Nuwigheidjie by dié jaarlikse basaar is 'n hommeltuig wat dreunend diens doen. Tot almal se vreugde word die tablet later van hand tot hand gestuur om te kyk hoe hul plaasbasaar uit die lug lyk.

Net voor etenstyd word 'n bakkie agteruit voor die skuurdeur geparkeer. Met 'n afgeklapte bakkieflap breek dié hoogtepunt aan: veilingtyd. 'n Entoesiastiese jong afslaer hou veilingartikels in die lug en moedig kopers tot beter pryse aan.

Intussen verdeel die basaar-gangers spontaan in twee groepe: diegene wat begeesterd saam bie en die ander helfte wat eerder die aksie wil bekijk. En mooi dink voordat hulle 'n kuif platstryk. Sodra iemand in hierdie groep te woes beduie, sis 'n lewensmaat: Hou stil jou hand – wil jy régtig R200 vir 'n sakkie lemoene betaal?

Ons kyk, en keer dat ons monde oophang. Want 'n string orgideë word eers verkoop wanneer die hoogste aanbod R2 000 raak. Die tweede string loop teen R1 700.

Die eerste braaitang haal R1 000.

Die volgende braaitangpryse raak teen R400 geleidelik meer bedees.

“Ek was lanklaas sô dankbaar,” fluister 'n vrou toe 'n lamsrib R700 tot die geld toevoeg.

Toe die gevriesde Hentiesbaai-galjoene aan die beurt kom, fluister iemand in die konsertkykhal: “Sies tog, hy wissel dan nog tande” en “Was dié enetjie dan nie laas jaar ook hier nie?”

Die bottel Johnnie Walker het 'n geskiedenis. Hy het die laaste 12 maande reeds drie keer geld gemaak by veilings in die kontrei: by laasjaar se basaar, by laasjaar se skou – en hier haal hy 'n betaamlike R1 800.

Omstanders vertel van die tweejarige dogtertjie wat eenkeer by 'n ander kerkveiling ook aangebied is. Om opgeveil te word.

“Sien dit tog net binne die konteks van 'n gemoedelike atmosfeer binne 'n plaasgemeenskap,” sê omstanders en lag oor my uiterste verstomming.

“Dit gaan oor vreugde en dankbaarheid, die gemeensaamheid. 'n Familielid 'koop' dadelik die kindjie en die kerk se geld groei – amper soos *ball and jail* vir volwassenes.”

Soos ons terugry huis toe tussen vrolike wit Sandveldblommetjies en wakende blombloekoms deur – soms afgewissel met 'n “ongelooflike” murasie – beleef ons daardie skaars sensasie: genoeglikheid.

Ons het onverwags die oudaegesegde hier kom ervaar: Genoeg is oorvloed.

Hier, tussen warm harte en growwe werkershande, die aardsheid van velerlei verhale en tuisgemaakte produkte wat 'n mens laat voel soos tuiskoms, kon ons 'n dag lank ontvlug van alles wat deesdae dikwels soos gruisklippers binne die skoene skaaf.

MONDUITSPOEL

Putting Auntie Gertrude in 100-year-old hands

No low profile for this burial business

PS JOHN SCOTT



For a funeral service that puts many of its clients below ground, Avbob doesn't believe in keeping a low profile.

It's the only such company I know of that has taken out full-page ads to promote itself, having reached the great age of 100, which is more than most of the people who have required its dignified attention.

Someone wavering about whom to entrust their very recently departed might presumably be impressed by so

many years' experience in the business. “If they've done it for 100 years they must have got the hang of it by now. Auntie Gertrude should be in good hands.”

A hundred years is indeed not to be sneezed at – one of the symptoms for which Avbob was apparently founded in 1918, to cope with all the deaths from the Spanish flu epidemic.

I never knew the origin of the name until I looked it up.

I always thought Avbob might have been more appropriate, short for “Ave bod, will bury” (or burn, as the case may be). But the initials stand for Afrikaanse Verbond Begrafnis Onderneming Beperk. The English might be rendered as Afrikaans Alliance Funeral Undertakings Limited, Aaful – too close to Aw-

ful for comfort.

Rather Afrikaans League etc. Alful. As many of the cemeteries in fact are. Such a name might encourage cremation.

But while still wondering what to do with Auntie Gertrude, a second thought might strike her loving nephew. Not only do full-page ads not come cheap, but these also list Avbob's good works such as spending R150 million on a school upgrading project, sponsoring youth choirs and poetry competitions, and even helping township entrepreneurs to establish their own funeral undertakings.

To top it all the company is allocating a R3,5 billion bonus to policy holders and members, which is fine if you're a policy holder or member. Dealing with

the dead is clearly a most profitable business.

Shouldn't Auntie Gertrude rather be handed over to a company that doesn't have so much cash to spare because it charges less but still treats her with the respect she deserves? So might the nephew ponder, if he took the trouble to read the entire page.

As long as he can be reassured that whatever other company he chooses doesn't leave Gertrude lying around, and cremates someone else's auntie by mistake. It happens. That is why some families like to offer the deceased for “viewing”, to satisfy everyone it's the right auntie.

In common with the rest of us he will never be quite sure that the ashes he gets back are hers and must take the undertaker's

word for it. Ashes, after all, are ashes. Only a DNA test can tell them apart.

The most appropriately-named undertakers were Human and Pitt. They had a parlour in Church Street, Wynberg, and either Mr Human or Mr Pitt would greet my Granny Scott and her umpteen sisters (Aunts Gert, Kit, Em, Ada and others, all immigrants from Leicester) when they walked past on their way to shop.

“Are you all well?” he would inquire, and when they responded that they were, he would jocularly wag his finger at them and retort: “Ladies, you may linger but we'll get you yet.”

He did, too. He was such a nice chap he deserved to have them, one by one.

■ johnscott@mweb.co.za